## **REËLS: ONTKENNENDE VORM/NEGATIEWE VORM**

**A.** Dubbel **NIE** in Afrikaans.

1. **MAAR:** As daar geen voorwerp in die sin is nie – net 1 NIE, bv.

Thabo sing.

Thabo sing NIE.

2. Precious skryf in haar boek.

Precious skryf NIE in haar boek NIE.

**B.** Wanneer 'n vraag gevra word, begin die sin (antwoord) met NEE gevolg deur dubbel NIE.

Hou jy van skool?

NEE, ek hou NIE van skool NIE.

Neem jy aan sport deel?

NEE, ek neem NIE aan sport deel NIE.

**C.** Bevele – sin begin met MOENIE en NIE aan einde van sin, asook 'n uitroepteken.

Sit!

MOENIE sit NIE!

Leer jou werk!

MOENIE jou werk leer NIE!

**D.** 'n Bevel met 'n asseblief – sin verander na: Moet asseblief en dubbel NIE asook uitroepteken aan einde van sin.

Maak asseblief die kamer skoon!

MOET ASSEBLIEF NIE die kamer skoonmaak NIE!

Skryf asseblief netjies!

MOET ASSEBLIEF NIE netjies skryf NIE!

**E.** Sekere woorde verander in die negatief:

| | | | |
|---|---|---|---|
| iets | niks ... nie | al iemand | nog niemand ... nie |
| iemand | niemand ... nie | al êrens | nog nêrens ... nie |
| êrens | nêrens ... nie | al ooit | nog nooit ... nie |
| ooit | nooit ... nie | al een | nog geen ... nie |
| moet | moenie ... nie | al iets | nog niks ... nie |
| een | geen ...nie | nog | nie meer ... nie |
| al | nog nie ...nie | óf ... óf | nóg ... nóg |
| alreeds | nog nie ... nie | | |

1. Ek is **nog** honger.

   Ek is **nie meer** honger **nie**.

2. Het jy **al ooit** so iets gesien**?**

   **NEE**, ek het **nog nooit** so iets gesien **nie**.